# Hoofstuk van die dag: Eksodus 36

> *Daar was meer as genoeg om al die werk te doen, daar was selfs nog oor. (vers 7)*

Wat ’n wonderlike getuigskrif vir die Israeliete! Vandag sukkel baie kerke om genoeg middele te kry. Daar is baie redes

voor – dalende lidmaatgetalle, sukkelende ekonomie, ouer-wordende gemeentes … Dit is alles realiteite waarmee ’n gemeente nie kan stry nie.

Partykeer is die rede egter op ’n ander plek te soek. Die Here Jesus het in sy brief aan Efese (Op 2:4) sy vinger sekuur op die wond geplaas: “Julle het my nie meer so lief soos in die begin nie.”

Maar genoeg van hierdie negatiewe opmerkings. Dis ’n voorreg om vir die werk van die Here by te dra, en dit het die Israeliete besef. Daarom hou hulle aan om te gee totdat die vakmanne hulle moet stop (vers 6). Ons lees iets van hierdie groothartigheid vir die werk van die Here in 2 Kor 8, waar Paulus vertel van die gemeentes in Masedonië se ruim bydraes. Dan gee hy die geheim in vers 5: “Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.”

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026